



TENDER VOORWAARDES EN VERHURINGSVOORWAARDES (LANDBOU GROND)
wat na ondertekening deur die Huurder en Verhuurder, 'n huurooreenkoms daar sal stel

VOORWAARDES waarop: BKB EIENDOMME (EDMS) BEPERK
(hierna genoem BKB)

behoorlik daartoe gelas deur: **TASMAN LUKISA JV COMPANY (EDMS) BPK**
(Registrasienommer: 2005/044619/07)
(hierna genoem die **VERHUURDER**)

per openbare tender vir verhuring aanbied die volgende eiendom, naamlik:

1. **PLAAS NR 394, AFDELING BEAUFORT-WES, WES-KAAP PROVINSIE**
GROOTTE: 6846,5709 HA
(hierna genoem die **EIENDOM**)

VOORWAARDES VAN TENDER

DIE VERHURING SAL AAN DIE VOLGENDE TERME EN VOORWAARDES ONDERHEWIG WEES:

1. Die **VERHUURDER** sal nie verplig wees om die hoogste, of enige tender te aanvaar en/of redes te verskaf vir aanvaarding al dan nie van enige tender nie.
2. Die verhuring sal geskied in terme van die Suid-Afrikaanse geldeenheid.
3. Ingeval die **EIENDOM** vir 'n derde party gehuur word, dog die nodige magtiging nie onmiddellik tot bevrediging van **BKB** getoon word nie, sal die werklike tenderaar aanspreeklik gehou word vir die behoorlike afsluiting van die huur, ooreenkomstig hierdie voorwaardes van verhuring.
4. Tenders sluit om **12H00** op **WOENSDAG 13 MAART 2019**
Behoorlik voltooide tenders, in verseelde koeverte en duidelik gemerk:

"TENDER: NEVERSET" moet die kantore van **BKB**

by straatadres: **DONKINSTRAAT 77, BEAUFORT-WES**

bereik voor of op **12H00** op **WOENSDAG 13 MAART 2019**

5. Die verhuring is onderhewig aan die goedkeuring van die **VERHUURDER** en die **TENDERAAR** sal derhalwe met sy borge, indien enige, deur sy tender gebind wees tot **12H00** op **15 MAART 2019** voor welke tyd en datum hy in kennis gestel sal word of die huur bekragtig word al dan nie. Indien die huur nie bekragtig word nie, sal alle gelde deur die **TENDERAAR** betaal, of gedeponeer, soos hierin van hom vereis, onmiddellik sonder rente, tensy anders ooreengekom, aan hom terugbetaal word.

- 5.1 Die **TENDERAAR** verklaar hiermee dat hy of sy genomineerde by die telefoonnommer/faksnommer soos wat hy by die ondertekening van hierdie voorwaardes aan **BKB** sal voorsien, beskikbaar sal wees tot die tyd en datum soos in klousule 5 hierbo vermeld om bekragting al dan nie van die huur te ontvang. Indien die huurder of sy genomineerde nie beskikbaar is ten tye van bekragting van die huur aan die tenderaar nie, sal dit geag bekend gemaak te wees by ondertekening van hierdie voorwaardes deur die **VERHUURDER**.

VOORWAARDES VAN VERHURING

1. HUURTERMYN

- 1.1. Die huurtermyn duur **6 (ses) maande** wat begin op **16 MAART 2019** en eindig op **15 SEPTEMBER 2019**.
- 1.2. Na datum van verstryking van die huurtermyn, sal oorweging geskenk word om die huurtermyn vir 'n verdere tydperk te verleng, onderhewig aan nuwe voorwaardes soos deur die **VERHUURDER** en **HUURDER** ooreengekom en verder onderworpe daaraan dat BKB geregtig sal wees op agentekommisjie op sodanige verlenging, welke kommissietarief tussen die **VERHUURDER** en **BKB** onderhandelbaar sal wees.

2. HUURGELD

- 2.1. Die huurgeld is **maandeliks** vooruit betaalbaar deur die **HUURDER** aan die **VERHUURDER** op **16 MAART 2019** en op **die 16de van elke daaropvolgende maand** in die **VERHUURDER** se bankrekening met die volgende besonderhede: **Tasman Lukisa JV Company (Pty) Ltd, Eerste Nasionale Bank, Wierda Valley, Rekeningnommer: 62120294658, Takkode: 260950** of volgens instruksies soos van tyd tot tyd deur die **VERHUURDER** uitgereik.
- 2.2. Enige verlening van uitstel deur die **VERHUURDER** of sy agent vir die betaling van die huurgelde op vervaldatum, of enige toegewing deur die **VERHUURDER** of sy agent hoegenaamd, sal nie beskou word as 'n afstanddoening deur die **VERHUURDER** of sy agent van sy reg kragtens die gemene reg of kragtens die voorwaardes van hierdie ooreenkoms om te enige tyd en sonder kennisgewing te eis dat elke afsonderlike voorwaarde van hierdie ooreenkoms stiptelik deur die **HUURDER** nagekom sal word nie.
- 2.3. By gebreke van betaling op vervaldag van die hierinvermelde huurgeld of ingeval die **HUURDER** van voorwaardes van hierdie huurkontrak verbreek of die **HUURDER** insolvent raak, sal die **VERHUURDER** die reg hê om hierdie huurkontrak dadelik te kanselleer en besit te neem van die **EIENDOM** sonder benadeling van sy eis vir enige agterstallige huurgelde of vir vergoeding van enige skade deur hom gely weens sulke breuk of kansellasië en ook met verbeuring deur die **HUURDER** van sy reg om enige verbeterings wat hy op die **EIENDOM** opgerig het te verwyder. Die **HUURDER** sal ook nie geregtig wees op vergoeding ten opsigte van enige sodanige verbeterings nie.
- 2.4. Geen betaling van gelde deur die **HUURDER** verskuldig, mag teruggehou of vertraag word as gevolg van enige direkte of indirekte eis nie.

3. GEBUIK VAN DIE EIENDOM DEUR DIE HUURDER

- 3.1. Die **EIENDOM** sal benut word vir bonafide boerderydoeleindes soos gebruikelikerwys op die **EIENDOM** en geen ander doel behalwe met die skriftelike goedkeuring van die **VERHUURDER** nie.
- 3.2. Die **HUURDER** sal geregtig wees om slegs kleinvee eenhede soos bepaal volgens die Departement Landbou en Grondsake se voorskrifte en tans bereken teen **36 ha GVE/6ha/KVE**, vervat in Tabel 2, hierby aangeheg as **AANHANGSEL A**, van Wet 43 van 1983, of enige wysiging of vervanging daarvan, op die grond aan te hou. Behoudens die bepalings van Klousule 3 en waar van toepassing, is die benutting van lande addisioneel hiertoe.
- 3.3. Nieteenstaande enige ander bepaling in hierdie ooreenkoms vervat, mag die **HUURDER** nie toelaat dat enige gedeelte van die **EIENDOM** oorbeweï, verniel of uitgeput word of op sodanige wyse benut word dat die waarde daarvan nadelig beïnvloed kan word nie en sal alle moontlike stappe doen om beskadiging van die eiendom as gevolg van erosie te voorkom. Verder sal die **HUURDER** toesien dat, waar van toepassing, lande in dieselfde toestand, as wat hulle verkeer met die besitname, aan die **VERHUURDER** op die verstryking van die huurtermyn oorhandig word.
- 3.4. Die **HUURDER** sal geen nuwe veldpaaie aanlê of uitry nie, maar sal slegs van bestaande paaie op die **EIENDOM** gebruik maak.
- 3.5. Die **HUURDER** sal slegs geregtig wees op kraalmis en vuurmaakhout wat hy op die **EIENDOM** vir homself of sy werknemers nodig en dan slegs binne redelike perke. Hy mag slegs droë hout benut. Hy mag geen kraalmis of vuurmaakhout van die **EIENDOM** verwyder nie en sal sorg dra dat hout nie op so 'n manier ingesamel word dat dit die **EIENDOM** op die een of ander manier sal benadeel nie, in besonder dat dit nie grondverspoeling of –verwering in die hand sal werk nie.
- 3.6. Die **HUURDER** mag geen bome of struïke op die **EIENDOM** afkap of van die **EIENDOM** verwyder nie, in besonder sal hy geen veldplante verwyder of aalwyne tap of laat tap nie. Hy sal egter geregtig en trouens verplig wees om skadelike gewasse uit te roei en/of te bestry.
- 3.7. Die **HUURDER** mag geen takke van bome of struïke afkap of laat afkap of bome en struïke slaan om blare te laat val vir enige doel nie, maar in besonder om vee op sodanige blare en takke te voer nie.
- 3.8. Die eksplorasië kamp, skeerhuis, krale en diptenk sal vir gewone boerdery-doeleindes gebruik word insluitend vir die gebruik deur skeerders gedurende skeertye, maar dit sal onder geen omstandighede deur enige werknemer bewoon word nie. Die eksplorasië kamp is nie geskik vir gebruik as tydelike huisvesting nie.
- 3.9. Die **HUURDER** sal nie die reg hê om enigiets wat aan die **EIENDOM** behoort daarvan te verwyder nie of daarin of daaruit handel te dryf of dit op enige manier te vervreem nie. Dit sluit onder andere in grond, sand, klei, klip, gruis en enige ander mineraal.
- 3.10. Binne veertien (14) dae na die aanvang van die huurtermyn sal die **HUURDER** aan die **VERHUURDER** 'n skriftelike lys gee van gebreke skade of tekortkominge aan enige

verbeterings, toerusting of aanhegtings op die **EIENDOM**. Behalwe vermeldings op die lys sal dit aanvaar word dat die **HUURDER** alle verbeterings en aanhegtings in 'n goeie toestand ontvang het en sal dit op beëindiging van die huurtermyn in dieselfde toestand teruglewer. Indien geen sodanige kennisgewing aan die **VERHUURDER** gegee word nie, aanvaar die partye dat die **HUURDER** die verbeterings en toerusting op die **EIENDOM** in 'n goeie toestand van herstel en in werkende orde ontvang het.

- 3.11. Dit word op rekord geplaas dat enige kennisgewing in terme van 3.10 hierbo deur die **HUURDER** gegee, geen verpligting op die **VERHUURDER** sal plaas nie, maar slegs dien om sodanige gebreke ten tye van okkupasie deur die **HUURDER** op rekord te plaas. Dit word verder bevestig dat, tensy anders ooreengekom, die **VERHUURDER** nie verplig sal wees om sodanige gebreke te herstel nie en die **HUURDER** sal ook nie toegelaat word om die huurgeld te weerhou of geregtig wees op 'n terugbetaling van enige huurgeld ten opsigte van die gebreke nie, **aangesien die eiendom op 'n "Voetstoots" basis verhuur word.**
- 3.12. **Die HUURDER neem kennis en verstaan dat die myn afval wat op NEVERSET gestoor word, is 'n verbode area volgens die Nasionale Kern Reguleerder en die HUURDER, sy werkers of sy diere, sal nie die area betree nie.**

4. VERPLIGTINGE VAN DIE VERHUURDER

- 4.1. Die **VERHUURDER** sal na sy goeiddunke die geboue en verbeterings verseker en die premies daarop betaal. Die **VERHUURDER** sal egter nie verantwoordelik wees vir skade aan enige goed wat die **HUURDER** op die **EIENDOM** of in die geboue bring nie.
- 4.2. **Aangesien die EIENDOM op 'n "Voetstoots" basis verhuur word, sal die VERHUURDER nie** verantwoordelik wees vir die herstel van die windpomp(e) nie.
- 4.3. Die **VERHUURDER** sal verantwoordelik wees vir die betaling van alle belastinge.

5. VERPLIGTINGE VAN DIE HUURDER

- 5.1. Die **HUURDER** sal verantwoordelik wees vir die kostes (wat arbeid en materiaal insluit), om alle verbeterings op die **EIENDOM**, soos onder andere geboue, heinings, damme, windpompe, draadheinings en paaie op die plaas in 'n behoorlike toestand van herstel en versorging te hou gedurende die huurtermyn ten opsigte van normale slytasie asook ten opsigte van enige skade deur die **HUURDER** veroorsaak.
- 5.2. Die **HUURDER** sal vir sy eie versekering moet sorg ten opsigte van enige goed wat hy op die **EIENDOM** of in die geboue bring.
- 5.3. Die **HUURDER** aanvaar die verantwoordelikheid om voorkomende maatreëls te tref en sal dit tref om te verseker dat geen besmetting van die **EIENDOM** met onkruid sal plaasvind nie en sal hierdie onkruid vernietig sodra dit op enige plek op die **EIENDOM** 'n verskyning maak.
- 5.4. Die **HUURDER** sal verplig wees om ongediertes op die eiendom te beheer en uit te roei.
- 5.5. Die **HUURDER** sal geen plakkers op die **EIENDOM** toelaat nie, maar slegs werknemers op die **EIENDOM** bring met wettige arbeidskontrakte en met dien verstande dat sodanige

werknemers nie aanspraak sal hê op die verblyfreg nie. Die **HUURDER** sal verantwoordelik wees om toe te sien dat werknemers/persone onder sy beheer nie oortree op die gedeelte van die **EIENDOM** wat uitgesluit is, indien enige, by die huurooreenkoms nie.

- 5.6. Die **HUURDER** sal nie toelaat dat enige byeenkoms of vergadering op die **EIENDOM** sal plaasvind nie. Geen begrafnisse of ter aarde bestellings sal op die **EIENDOM** toegelaat word nie.
 - 5.7. Die **HUURDER** is verantwoordelik vir die betaling van agentekommissie van **vyf persent (5%)**, plus BTW bereken op die totale huurbedrag vir die volle huurtermyn, welke kommissiebedrag betaalbaar is aan **BKB** by ondertekening van hierdie ooreenkoms deur die **VERHUURDER**.
 - 5.8. Die **HUURDER** is, waar van toepassing, verder verantwoordelik vir die betaling van seëlregte met betrekking tot hierdie huurkontrak teen die huidige tarief, welke seëlregte by ondertekening van hierdie ooreenkoms deur die **VERHUURDER**, betaalbaar is aan **BKB**.
 - 5.9. Waar van toepassing, sal die huurgeld, asook agentekommissie, onderhewig wees aan BTW, welke belasting deur die **HUURDER** betaalbaar sal wees en oorbetal sal word aan die Ontvanger van Inkomste deur die **VERHUURDER** en **BKB** onderskeidelik.
 - 5.10. Vanaf aanvang van die huurtermyn, sal die **HUURDER**, waar van toepassing, verantwoordelik wees vir die betalings van die maandelikse Eskom elektrisiteitsrekening en verbandhoudende kostes.
 - 5.11. Die **HUURDER** sal waar van toepassing by die plaaslike Brandbestrydingsvereniging registreer en aan bepalings voldoen.
 - 5.12. Die **HUURDER** moet die boerderybedrywighede waarvoor die plaas verhuur word op 'n ywerige wyse uitvoer en korrekte boerdery- en diereversorgingspraktyk in die algemeen volg, maar moet ook aanvaarde boerderypraktyke in die distrik waarin die plaas geleë is, volg.
6. **REGTE VAN DIE VERHUURDER**
- 6.1. Die **VERHUURDER** behou alle minerale regte op die **EIENDOM** asook die reg op die prospekterkontrak, indien enige.
 - 6.2. Die **VERHUURDER** behou die reg voor om wild/voëls op die **EIENDOM** te jag, te laat jag of te laat vang deur sy gevolmagtigde(s) met die voorbehoud dat indien die **VERHUURDER** of sy gevolmagtigde(s) gaste mag saamneem om te jag, hul slegs onder sy/hul toesig sal jag. Die **VERHUURDER** sal die **HUURDER** minstens 3 (drie) dae voordat hy wil jag, van sy voorneme in kennis stel sodat die **HUURDER** kan reëlings tref om sy vee uit die veld waar gejag gaan word, te verwyder indien hy so verkies. Die **HUURDER** of sy verteenwoordigers mag nie op die eiendom jag of wild/voëls vang nie.
 - 6.3. Die **VERHUURDER** behou die reg om verbeterings aan te bring na goeddunke.

7. TOEGANG DEUR DIE VERHUURDER

- 7.1. Die **VERHUURDER** of sy gevolmagtigde(s) sal te enige redelike tyd die reg van toegang tot die **EIENDOM** hê om die **EIENDOM**, geboue of enige ander verbeterings daarop te inspekteer, om die vee te tel of om vas te stel of die **HUURDER** die voorwaardes van hierdie ooreenkoms nakom.
- 7.2. Die **HUURDER** sal verplig wees om voornemende kopers en/of huurders toe te laat om die **EIENDOM** te besoek en/of te besigtig.

8. VERANDERINGS, VERBETERINGS EN VERWYDERING

- 8.1. Onderhewig aan die bepalings van Klousule 2.4, sal die **HUURDER** die reg hê om sodanige geboue, skure, krale, omheinings en windpompe as wat hy vir sy eie gebruik en voordeel mag nodig ag, op eie koste op te rig en dit te verwyder voor verstryking van hierdie huurkontrak, maar behoudens die verdere bepalings van hierdie Klousule 8.
- 8.2. Voordat die **HUURDER** enige van die voormelde of ander verbeterings aanbring, sal hy vooraf skriftelike kennis aan die **VERHUURDER** van sy voorneme moet gee met vermelding van die aard en die koste van sodanige verbeterings en die **VERHUURDER** sal sy skriftelike toestemming daartoe moet verleen.
- 8.3. Verbeterings kan slegs verwyder word indien dit geen skade aan die verhuurde perseel berokken nie.
- 8.4. Enige verbeterings wat na die verstryking van die huurkontrak of by verbreking daarvan op die **EIENDOM** agterbly, sal op die **EIENDOM** bly en sal die **VERHUURDER** se eiendom word sonder enige vergoeding aan die **HUURDER**.
- 8.5. Die **HUURDER** sal alle bestaande verbeterings op die grond en wat by hierdie ooreenkoms ingesluit is, in stand hou en sal van tyd tot tyd die nodige instandhoudingswerk en reparasies doen om die goed in dieselfde toestand te hou as waarin dit ontvang word.

9. ONDERVERHURING

Die **HUURDER** sal nie die reg hê om die **EIENDOM**, of gedeelte daarvan, te onder-verhuur of om hierdie huur af te staan of dit te sedeer sonder die skriftelike toestemming van die **VERHUURDER** nie. Die **HUURDER** sal slegs sy eie bona fide vee op die **EIENDOM** laat wei.

10. GEREGTELIKE STAPPE

- 10.1. Kragtens Artikel 45 van die Wet op Landdroshowe, No. 32 van 1944, of enige wysiging of vervanging daarvan, stem die partye toe tot die regsbevoegdheid van die Landdroshof, indien dit om welke rede ookal vir die partye nodig mag wees om geregtelike stappe die een teen die ander in terme van hierdie ooreenkoms in te stel, ondanks die feit dat die eisorsaak, bedrag of waarde daarvan die jurisduksie van die Landdroshof oorskry; dit mag instel in die Landdroshof wat jurisduksie het ten opsigte van die distrik waarin die **EIENDOM** geleë is, aangesien die hele ooreenkoms tot stand gekom het in die voormelde distrik.

- 10.2. Ongeag die bepalings van Klousule 10.1, sal die **VERHUURDER** geregtig wees om die geregtelike stappe teen die **HUURDER** in te stel in enige Hof wat oor die nodige regsbevoegdheid beskik.
- 10.3. Enige verlening van uitstel deur die **VERHUURDER** of sy agent vir die betaling van die huurgelde op vervaldatum, of enige toegewing deur die **VERHUURDER** of sy agent hoegenaamd, sal nie beskou word as 'n afstanddoening deur die **VERHUURDER** van sy reg kragtens die gemene reg of kragtens die voorwaardes van hierdie ooreenkoms om te enige tyd en sonder kennisgewing te is dat elke afsonderlike voorwaarde van hierdie ooreenkoms stiptelik deur die **HUURDER** nagekom sal word nie.
- 10.4. By gebreke van betaling op vervaldag van die hierinvermelde huurgeld of ingeval die **HUURDER** van die voorwaardes van hierdie huurkontrak verbreek of die **HUURDER** insolvent raak, sal die **VERHUURDER** die **HUURDER** op terme plaas om die verbreking reg te stel binne 14 dae vanaf datum van kennisgewing en indien die **HUURDER** steeds in gebreke bly, sal die **VERHUURDER** die reg hê om hierdie huurkontrak dadelik te kanselleer en besit te neem van die **EIENDOM** sonder benadeling van sy eis vir enige agterstallige huurgelde of vir vergoeding van enige skade deur hom gely weens sulke breuk of kansellasië en ook met verbeuring deur die **HUURDER** van sy reg om enige verbeterings wat hy op die grond opgerig het, te verwyder. Die **HUURDER** sal ook nie geregtig wees op vergoeding ten opsigte van enige sodanige verbeterings nie.

11. **VERBANDE**

Die **VERHUURDER** behou die reg voor om enige addisionele verbande oor die eiendom te laat registreer.

12. **DOMICILIUM**

Die **VERHUURDER** en die **HUURDER** kies hiermee *domicilium citandi et executandi* by die adresse soos by die ondertekening van hierdie ooreenkoms voorsien sal word.

13. **VERBRUIKERSBESKERMINGSWET**

- 13.1. Die **VERHUURDER** waarborg aan die **HUURDER** en agent dat hy nie op 'n deurlopende basis betrokke is met die verhuring van eiendom nie en die eiendom dus nie verhuur word in die normale loop van sy besigheid nie.
- 13.2. Beide die **VERHUURDER** en **HUURDER** is bewus dat die **VERHUURDER** se waarborg beteken dat die Verbruikersbeskermingswet nr 68 van 2008 nie van toepassing is op die huurkontrak nie en dus nie deur die genoemde wet beheer word nie.

14. **ADDISIONELE VOORWAARDES**

- 14.1. In geval van die afsterwe van die **VERHUURDER** of die **HUURDER**, mag hierdie ooreenkoms alleenlik beëindig word deur wedersydse ooreenkoms tussen die eksekuteur/eksekutrise/trustee(s) van die afgestorwene se boedel en die langsliewende party.

- 14.2. In geval van afsterwe van die **VERHUURDER** of **HUURDER**, asook hul onderskeie onmiddellike erfgename, mag hierdie ooreenkoms beëindig word deur die eksekuteur/eksekutrise/trustee(s) van die afgestorwenes se boedel(s) deur middel van 'n minimum van drie (3) maande skriftelike kennisgewing van sodanige voorneme.
- 14.3. Indien enige bepaling hiervan onwettig is of retrospektief onwettig gemaak word, sal daardie onwettige bepaling geag word om gewysig te wees in die mate en op die wyse wat nodig is om dit wettig te maak of indien sodanige wysiging onmoontlik is, sal die onwettige bepaling beskou word as deelbaar van die res van die bepalings hiervan en *pro non scripto*.
- 14.4. Die **HUURDER** erken en bevestig dat die **VERHUURDER** geregtig sal wees om teen enige gelde deur die **HUURDER** aan **VERHUURDER** verskuldig, nou of in die toekoms, uit welke skuldoorsaak dit ookal mag ontstaan, rente te hef op enige bedrag verskuldig hierkragtens bereken teen 'n koers per jaar van 5% (vyf persent), of sodanige ander koers as wat die **VERHUURDER** in sy uitsluitlike diskresie van tyd tot tyd mag bepaal bo die prima uitleenkoers op oortrokke bankrekening van tyd tot tyd deur die **VERHUURDER** se bankier gehef, bereken vanaf en insluitende die datum waarop enige skuld ontstaan, welke rente agteruit op die balans van tyd tot tyd verskuldig bereken sal word en aldus bereken sal word tot tyd en wyl die verskuldige bedrag ten volle gedelg is. Die **VERHUURDER** sal die reg besit om, indien hierdie koers gehef deur sy bankier verhoog of verlaag word, die voormelde rentekoers dienoooreenkomstig te verhoog of verlaag, na gelang van die geval en sonder om enige kennis daarvan aan die **HUURDER** te gee en is die aanpassings in die rentekoers soos voormeld bindend op die **HUURDER** ondanks dat die **HUURDER** geen kennis van sodanige aanpassing ontvang het nie. Die **VERHUURDER** is geregtig om van tyd tot tyd en te eniger tyd, volgens sy absolute en uitsluitlike diskresie enige rente deur die **HUURDER** verskuldig te kapitaliseer, in welke geval rente voortaan bereken en betaalbaar sal wees op sodanige gekapitaliseerde bedrag.
- 14.5. Hierdie ooreenkoms bevat die algehele ooreenkoms tussen die partye met betrekking tot die inhoud daarvan en die **HUURDER** erken dat daar geen mondelinge ooreenkomste of voorstellings is wat op enige wyse hierdie ooreenkoms wysig of verander nie of die werking daarvan opskort nie.
- 14.6. Alle inligting verskaf deur BKB rakende die eiendom is gedoen namens die **VERHUURDER** en geen eise kan ingestel word teen BKB Eiendomme (Edms) Bpk as die agent nie.

15. INTERPRETASIE

In hierdie ooreenkoms sluit woorde met 'n enkelvoudige strekking die meervoud in en vice versa, woorde met die strekking van die manlike geslag sluit ook die vroulike geslag in en sal woorde met die strekking van 'n natuurlike persoon ook 'n liggaam met regsbevoegdheid insluit.

16. BORGSTELLING

Indien die **HUURDER** 'n maatskappy, beslote korporasie, trust of vennootskap is, moet die direkteure van die maatskappy, of die lede van die beslote korporasie, of die trustees van die trust, of die vennote van die vennootskap, na gelang van die geval, hulle as borge verbind vir die nakoming deur die **HUURDER** van sy verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms.

TENDER

Ek, die ondergetekende(s)

NAAM:

ID NR.: SELFOON NR.:

ADRES:

TEL NR.: FAKS NR.:

E-POS: BTW NR.:

HUWELIKSTATUS: (Binne/buite gemeenskap van goedere)

NAAM VAN EGGENOOT/EGGENOTE:

ID NR VAN EGGENOOT/EGGENOTE:

bied hiermee aan:

Huurgelde ten bedrae van: R

PLUS BTW @ 14% R.....

TOTALE AANVANGSBEDRAG: R.....

(Totale aanvangsbedrag in woorde:
) per maand vir die huur van die eiendom soos hierin vervat, onderhewig aan hierdie voorwaardes van tender en van verhuring.

GETEKEN TE OP HIERDIE DAG VAN 20.....

AS GETUIES:

1.

2.

TENDERAAR / HUURDER

EK, DIE HUURDER, BEVESTIG HIERMEE DAT DIE VOLLE OMVANG VAN MY VERPLIGTINGE EN REGTE HIERIN AAN MY DUDELIK IS EN DAT VOLDOENDE GELEENTHEID AAN MY GEBIED IS OM NOODSAAKLIKE NAVRAE TE DOEN TEN OPSIGTE VAN DIE **EIENDOM EN ALLE WESENLIKE ASPEKTE DAARVAN EN DIE VERHURING DAARVAN EN DAT EK DIE UITWERKING VAN HIERDIE OOREENKOMS VERSTAAN.**

AANVAARDING

Die hierinvermelde Tenderaar se tender word hiermee aanvaar en die huur word bekragtig deur my, die Verhuurder.

NAAM:

ID NR.: SELFOON NR.:

ADRES:

TEL NR.: FAKS NR.:

E-POS: BTW NR.:

GETEKEN TE OP HIERDIE DAG VAN 20.....

AS GETUIES:

1.

2.

.....
VERHUURDER

GETEKEN TE OP HIERDIE DAG VAN 2018

AS GETUIES:

1.

2.

.....
Nms: BKB EIENDOMME (EDMS) BEPERK

BORGAKTE

Ek/ons die ondergetekende(s),

ID NOMMER: _____

verbind hiermee myself / onself as borg en medehoofskuldenaar/s in solidium vir en namens die **KOPER** tot en ten gunste van die **VERKOPER** en die **AGENT** in verband met alle verpligtinge van die **KOPER** onder voorgaande koopakte en in besonder vir alle bedrae geld wat verskuldig mag wees, insluitende skadevergoeding as gevolg van watter rede ook al en doen afstand van die voordele van verdeling en uitwinning. **Verder erken ek/ons dat ek/ons ten volle bewus is van al die bepalinge en voorwaardes van die koopakte soos voorgaande uiteengesit.** Ek/ons aanvaar *domicilium et executandi* by die adres wat hierna hierin vermeld word.

ALDUS GEDOEN EN ONDERTEKEN te _____ op hierdie _____ dag van _____

AS GETUIES:

1. _____

BORG

2. _____

BKB EIENDOMME (EDMS) BPK
 behoorlik gemagtig

BORG SE ADRES: _____

Telefoonnommer: _____

**DEPARTEMENT VAN LANDBOU-
EKONOMIE EN -BEMARKING**

No. R. 2687

6 Desember 1985

WET OP DIE BEWARING VAN LANDBOUHULP-
BRONNE, 1983 (WET 43 VAN 1983)

REGULASIES.—WYSIGING

Die Adjunk-minister van Landbou-ekonomie, handelende namens die Minister van Landbou-ekonomie kragtens artikel 29 van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), het die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die regulasies" die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1048 van 25 Mei 1984.

Wysiging van regulasie 11

2. Regulasie 11 van die regulasies word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by subregulasie (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

"Met dien verstande dat sodanige getal by geleentheid oorskry kan word op voorwaarde dat die veld in alle omstandighede doeltreffend teen agteruitgang en vernietiging beskerm word."

Wysiging van regulasie 32

3. Regulasie 32 van die regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking "Afdeling Bodembeskerming" waar dit in paragrawe (a) en (b) voorkom, deur die uitdrukking "Direktoraat Bodembeskerming" te vervang.

Vervanging van Tabel 2

4. Tabel 2 van die regulasies word hierby met ingang van 1 April 1986 deur die volgende tabel vervang:

**DEPARTMENT OF AGRICULTURAL
ECONOMICS AND MARKETING**

No. R. 2687

6 December 1985

CONSERVATION OF AGRICULTURAL RESOURCES
ACT, 1983 (ACT 43 OF 1983)

REGULATIONS.—AMENDMENT

The Deputy Minister of Agricultural Economics, acting on behalf of the Minister of Agricultural Economics under section 29 of the Conservation of Agricultural Resources Act, 1983 (Act 43 of 1983), has made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

Definitions

1. In this Schedule "the regulations" means the regulations published by Government Notice R. 1048 of 25 May 1984.

Amendment of regulation 11

2. Regulation 11 of the regulations is hereby amended by the substitution for the proviso to subregulation (1) of the following proviso:

"Provided that such number may on occasion be exceeded on condition that the veld shall under all circumstances effectively be protected against deterioration and destruction."

Amendment of regulation 32

3. Regulation 32 of the regulations is hereby amended by the substitution for the expression "Division of Soil Protection" where it occurs in paragraphs (a) and (b) of the expression "Directorate of Soil Protection".

Substitution of Table 2

4. The following table is hereby substituted for Table 2 of the regulations with effect from 1 April 1986:

TABEL/TABLE 2

GROOTVEE-EENHEIDEKWIVALENTE (GVE/DIER) VAN WEIDENDE DIERE
LARGE STOCK UNIT EQUIVALENT (LSU/ANIMAL) FOR GRAZING ANIMALS

[Regulation 11 (2)]

1	2	3
Soort dier Kind of animal	Geslag en produksiefasie Sex and phase of production	Getal grootvee-eenhede wat die ekwivalent van een dier is Number of large stock units equal to one animal
BEESTE/CATTLE		
Jersey	Kalf (ongespeen tot 7 maande)/Calf (unweaned up to 7 months).....	0,32
	Jong diere (7 maande en ouer)/Weaners (7 months and older).....	0,44
	Koei of vers (2-tand en ouer)/Cow or heifer (2-tooth and older).....	0,96
	Os (18 maande en ouer)/Steer (18 months and older).....	0,75
	Os (3 jaar en ouer)/Steer (3 years and older).....	1,10
Ayrshire	Bul (3 jaar en ouer)/Bull (3 years and older).....	1,36
	Kalf (ongespeen tot 7 maande)/Calf (unweaned up to 7 months).....	0,34
	Jong diere (7 maande en ouer)/Weaners (7 months and older).....	0,53
	Koei of vers (2-tand en ouer)/Cow or heifer (2-tooth and older).....	1,10
	Os (18 maande en ouer)/Steer (18 months and older).....	0,90
Friesland/Friesian	Os (3 jaar en ouer)/Steer (3 years and older).....	1,22
	Bul (3 jaar en ouer)/Bull (3 years and older).....	1,38
	Kalf (ongespeen tot 7 maande)/Calf (unweaned up to 7 months).....	0,50
	Jong diere (7 maande en ouer)/Weaners (7 months and older).....	0,64
	Koei of vers (2-tand en ouer)/Cow or heifer (2-tooth and older).....	1,49
	Os (18 maande en ouer)/Steer (18 months and older).....	1,09
	Os (3 jaar en ouer)/Steer (3 years and older).....	1,33
	Bul (3 jaar en ouer)/Bull (3 years and older).....	1,63

1	2	3
Soort dier Kind of animal	Geslag en produksiefasie Sex and phase of production	Getal grootvee-eenhede wat die ekwivalent van een dier is Number of large stock units equal to one animal
Ligteraam vleisrasse/Light frame beef breeds	Kalf (ongespeen tot 7 maande)/Calf (unweaned up to 7 months)..... Jong diere (7 maande en ouer, benaderde massa 180 kg)/Weaners (7 months and older, approximate mass 180 kg) Koei of vers (2-tand en ouer, benaderde massa 500 kg)/Cow or heifer (2-tooth and older, approximate mass 500 kg) Os (18 maande en ouer, benaderde massa 300 kg)/Steer (18 months and older, approximate mass 300 kg) Os (3 jaar en ouer, benaderde massa 490 kg)/Steer (3 years and older, approximate mass 490 kg) Bul (3 jaar en ouer, benaderde massa 600 kg)/Bull (3 years and older, approximate mass 600 kg)	0,32 0,44 1,10 0,75 1,10 1,36
Mediumraam vleisrasse/Medium frame beef breeds	Kalf (ongespeen tot 7 maande)/Calf (unweaned up to 7 months)..... Jong diere (7 maande en ouer, benaderde massa 200 kg)/Weaners (7 months and older, approximate mass 200 kg) Koei of vers (2-tand en ouer, benaderde massa 525 kg)/Cow or heifer (2-tooth and older, approximate mass 525 kg) Os (18 maande en ouer, benaderde massa 350 kg)/Steer (18 months and older, approximate mass 350 kg) Os (3 jaar en ouer, benaderde massa 550 kg)/Steer (3 years and older, approximate mass 550 kg) Bul (3 jaar en ouer, benaderde massa 600 kg)/Bull (3 years and older, approximate mass 600 kg)	0,34 0,53 1,21 0,90 1,22 1,38
Grootraam vleisrasse/Large frame beef breeds	Kalf (ongespeen tot 7 maande)/Calf (unweaned up to 7 months)..... Jong diere (7 maande en ouer, benaderde massa 225 kg)/Weaners (7 months and older, approximate mass 225 kg) Koei of vers (2-tand en ouer, benaderde massa 550 kg)/Cow or heifer (2-tooth and older, approximate mass 550 kg) Os (18 maande en ouer, benaderde massa 400 kg)/Steer (18 months and older, approximate mass 400 kg) Os (3 jaar en ouer, benaderde massa 585 kg)/Steer (3 years and older, approximate mass 585 kg) Bul (3 jaar en ouer, benaderde massa 650 kg)/Bull (3 years and older, approximate mass 650 kg)	0,50 0,64 1,32 1,09 1,33 1,63
KLEINVEE/SMALL STOCK		
Wolksape/Woolen sheep	Lam (ongespeen tot 4 maande)/Lamb (unweaned up to 4 months)..... Speenlammers (4 maande en ouer, benaderde massa 20 kg)/Weaner lambs (4 months and older, approximate mass 20 kg) Ooi (2-tand en ouer, benaderde massa 47 kg)/Ewe (2-tooth and older, approximate mass 47 kg) Hamel (2-tand en ouer, benaderde massa 50 kg)/Wether (2-tooth and older, approximate mass 50 kg) Ram (2-tand en ouer, benaderde massa 64 kg)/Ram (2-tooth and older, approximate mass 64 kg)	0,05 0,10 0,14 0,15 0,19
Vleisskape/Mutton breeds	Lam (ongespeen tot 4 maande)/Lamb (unweaned up to 4 months)..... Speenlammers (4 maande en ouer, benaderde massa 25 kg)/Weaner lambs (4 months and older, approximate mass 25 kg) Ooi (2-tand en ouer, benaderde massa 53 kg)/Ewe (2-tooth and older, approximate mass 53 kg) Hamel (2-tand en ouer, benaderde massa 60 kg)/Wether (2-tooth and older, approximate mass 60 kg) Ram (2-tand en ouer, benaderde massa 90 kg)/Ram (2-tooth and older, approximate mass 90 kg)	0,08 0,11 0,15 0,16 0,23
Dubbeloel rasse/Dual purpose breeds	Lam (ongespeen tot 4 maande)/Lamb (unweaned up to 4 months)..... Speenlammers (4 maande en ouer, benaderde massa 25 kg)/Weaner lambs (4 months and older, approximate mass 25 kg) Ooi (2-tand en ouer, benaderde massa 65 kg)/Ewe (2-tooth and older, approximate mass 65 kg) Hamel (2-tand en ouer, benaderde massa 70 kg)/Wether (2-tooth and older, approximate mass 70 kg) Ram (2-tand en ouer, benaderde massa 105 kg)/Ram (2-tooth and older, approximate mass 105 kg)	0,08 0,12 0,17 0,17 0,25
Karakoelskape/Karakul sheep	Lam (ongespeen tot 4 maande)/Lamb (unweaned up to 4 months)..... Speenlammers (4 maande en ouer, benaderde massa 22 kg)/Weaner lambs (4 months and older, approximate mass 22 kg) Ooi (2-tand en ouer, benaderde massa 50 kg)/Ewe (2-tooth and older, approximate mass 50 kg) Hamel (2-tand en ouer, benaderde massa 55 kg)/Wether (2-tooth and older, approximate mass 55 kg) Ram (2-tand en ouer, benaderde massa 75 kg)/Ram (2-tooth and older, approximate mass 75 kg)	0,07 0,11 0,15 0,16 0,20

1	2	3
Soort dier Kind of animal	Geslag en produksiefasie Sex and phase of production	Getal grootvee-eenhede wat die ekwivalent van een dier is Number of large stock units equal to one animal
Angorabok/Angora goat	Lam (Ongespeen tot 4 maande)/Kid (unweaned up to 4 months)..... Speenlammers (4 maande en ouer, benaderde massa 12 kg)/Weaner kids (4 months and older, approximate mass 12 kg) Ooi (2-tand en ouer, benaderde massa 33 kg)/Ewe (2-tooth and older, approximate mass 33 kg) Kapater (2-tand en ouer, benaderde massa 42 kg)/Castrate (2-tooth and older, approximate mass 42 kg) Ram (2-tand en ouer, benaderde massa 50 kg)/Ram (2-tooth and older, approximate mass 50 kg)	0,04 0,06 0,11 0,14 0,15
Boerbok/Boer goat	Lam (ongespeen tot 4 maande)/Kid (unweaned up to 4 months)..... Speenlammers (4 maande en ouer, benaderde massa 23 kg)/Weaner kids (4 months and older, approximate mass 23 kg) Ooi (2-tand en ouer, benaderde massa 65 kg)/Ewe (2-tooth and older, approximate mass 65 kg) Kapater (2-tand en ouer, benaderde massa 62 kg)/Castrate (2-tooth and older, approximate mass 62 kg) Ram (2-tand en ouer, benaderde massa 90 kg)/Ram (2-tooth and older, approximate mass 90 kg)	0,08 0,12 0,17 0,17 0,22
PERDE, MUILE EN DONKIES/ HORSES, MULES AND DONKEYS		
Shetland ponie/Shetland pony	Vul (ongespeen)/Foal (unweaned)..... Jong ponie/Young pony..... Merrie/Mare..... Hings of reu/Stallion or gelding.....	0,15 0,26 0,40 0,42
Groter ponies en donkies/ Larger ponies and donkeys	Vul (ongespeen)/Foal (unweaned)..... Jong dier/Young animal..... Merrie/Mare..... Hings of reu/Stallion or gelding.....	0,23 0,45 0,66 0,70
Ligte perde en muile/Light horses and mules	Vul (ongespeen)/Foal (unweaned)..... Jong dier/Young animal..... Merrie/Mare..... Hings of reu/Stallion or gelding.....	0,33 0,67 0,94 1,03
Medium trekperde/Medium draft horses	Vul (ongespeen)/Foal (unweaned)..... Jong dier/young animal..... Merrie/Mare..... Hings of reu/Stallion or gelding.....	0,45 0,86 1,20 1,32
Swaar trekperde/Heavy draft horses	Vul (ongespeen)/Foal (unweaned)..... Jong dier/Young animal..... Merrie/Mare..... Hings of reu/Stallion or gelding.....	0,52 1,06 1,51 1,60
VOLSTRUISE/ OSTRICHES	Kuiken/Chicken.....	0,12
WILD/GAME	Jong volstruis/Young ostrich.....	0,26
Olifant/Elephant	Volwasse volstruis/Mature ostrich..... Kalf (ongespeen)/Calf (unweaned)..... Jong olifant (tot 5 jaar)/Young elephant (up to 5 years).....	0,38 1,00 1,13
Kameelperd/Giraffe	Koei/Cow..... Bul/Bull..... Kalf (ongespeen)/Calf (unweaned)..... Jong kameelperd/Young giraffe..... Koei (volwasse)/Cow (mature)..... Bul (volwasse)/Bull (mature).....	3,80 4,13 0,37 0,77 1,48 1,68
Eland/Eland	Kalf (ongespeen)/Calf (unweaned)..... Jong eland/Young eland..... Koei (volwasse)/Cow (mature)..... Bul (volwasse)/Bull (mature).....	0,28 0,52 1,01 1,28
Buffel/Buffalo	Kalf (ongespeen)/Calf (unweaned)..... Jong buffel/Young buffalo..... Koei (volwasse)/Cow (mature)..... Bul (volwasse)/Bull (mature).....	0,29 0,42 1,06 1,20
Sebra/Zebra	Vul (ongespeen)/Foal (unweaned)..... Jong sebra/Young zebra..... Merrie (volwasse)/Mare (mature)..... Hings (volwasse)/Stallion (mature)..... Kalf (ongespeen)/Calf (unweaned).....	0,16 0,33 0,65 0,72 0,13
Koedoe/Kudu	Jong koedoe/Young kudu..... Koei (volwasse)/Cow (mature)..... Bul (volwasse)/Bull (mature)..... Lam (ongespeen)/Lamb (unweaned).....	0,21 0,37 0,56 0,11
Waterbok/Waterbuck	Jong waterbok/Young waterbuck..... Ooi (volwasse)/Ewe (mature)..... Ram (volwasse)/Ram (mature)..... Kalf (ongespeen)/Calf (unweaned).....	0,20 0,37 0,50 0,10
Blouwildebees/Blue Wilde- beest	Jong wildebees/Young wildebeest..... Koei (volwasse)/Cow (mature)..... Bul (volwasse)/Bull (mature).....	0,21 0,40 0,48

1	2	3
Soort dier Kind of animal	Geslag en produksiefasie Sex and phase of production	Getal grootvee-eenhede, wat die ekwivalent van een dier is Number of large stock units equal to one animal
Swartwildebees/Black Wildebeest	Kalf (ongespeen)/Calf (unweaned)	0,07
	Jong swartwildebees/Young black wildebeest	0,17
	Koei (volwasse)/Cow (mature)	0,29
Basterhartbees/Tsessebe	Bul (volwasse)/Bull (mature)	0,34
	Kalf (ongespeen)/Calf (unweaned)	0,07
	Jong basterhartbees/Young tsessebe	0,16
Blesbok/Blesbuck	Koei (volwasse)/Cow (mature)	0,28
	Bul (volwasse)/Bull (mature)	0,33
	Lam (ongespeen)/Lamb (unweaned)	0,05
Vlakovark/Warthog	Jong blesbok/Young blesbuck	0,10
	Ooi (volwasse)/Ewe (mature)	0,21
	Ram (volwasse)/Ram (mature)	0,20
Rooibok/Impala	Varkie (ongespeen)/Piglet (unweaned)	0,08
	Jong vlakvark/Young warthog	0,08
	Sog (volwasse)/Sow (mature)	0,20
Springbok/Springbuck	Beer (volwasse)/Boar (mature)	0,25
	Lam (ongespeen)/Lamb (unweaned)	0,05
	Jong rooibok/Young impala	0,08
Gemsbok/Gemsbuck	Ooi (volwasse)/Ewe (mature)	0,14
	Ram (volwasse)/Ram (mature)	0,16
	Lam (ongespeen)/Lamb (unweaned)	0,03
Gemsbok/Gemsbuck	Jong springbok/Young springbuck	0,04
	Ooi (volwasse)/Ewe (mature)	0,09
	Ram (volwasse)/Ram (mature)	0,10
	Kalf (ongespeen)/Calf (unweaned)	0,10
Gemsbok/Gemsbuck	Jong gemsbok/Young gemsbuck	0,21
	Koei (volwasse)/Cow (mature)	0,40
	Bul (volwasse)/Bull (mature)	0,48

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE LEDE

VAN.....

GEHOU TEOP.....

OOREENGEKOM DAT:

1. DIE BESLOTE KORPORASIE HUUR die volgende **EIENDOM**

.....

van

.....

vir die bedrag van

R.....
per jaar

2. Datin sy hoedanigheid as Lid hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluëie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

.....
LID

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DIREKTEURE VAN

.....

GEHOU TE

OP

OOREENGEKOM DAT:

1. Die MAATSKAPPY HUUR die volgende **EIENDOM**

.....

van

.....

vir die bedrag van

R.....

per jaar.

2. Dat in sy hoedanigheid as Direkteur hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

.....

DIREKTEUR

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE TRUSTEES VAN

.....

GEHOU TE

OP

OOREENGEKOM DAT:

- 1. Die Trust HUUR die volgende **EIENDOM**

.....
van

.....

vir die bedrag van

R.....

- 2. Datin sy hoedanigheid as Trustee hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

.....

TRUSTEE

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE VENNOTE VAN

.....

GEHOU TE

OP

OOREENGEKOM DAT:

- 1. Die Vennootskap HUUR die volgende **EIENDOM**

.....
van

.....

vir die bedrag van

R.....

- 2. Datin sy hoedanigheid as Vennoot hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

.....

VENNOOT